Stella straat

Psalm 13

"Ek hou vas aan u troue liefde"

Tuis-Adoramus 28 Junie 2020

geskryf deur Anton Pienaar (083 458 8712)

Tema: "Ek hou vas aan u troue liefde"

Teks: Psalm 13

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuis-adoramus alleen of saam met ander te doen. Maak jou net eers gereed om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,

Willem, Anton, Tienie en Fay

Psalm 13 het twee emosionele uitlatings wat so tiperend van moderne mense is, dat jy byna nie kan dink dat die gedig eeue gelede reeds opgeteken is nie. Die een emosie is wanhoop, die ander een is 'n diep vertroue. Die een is moedeloosheid, en die ander een berusting.

Die een oomblik vra ons: Hoe lank gaan U my nog bly vergeet Here? En die volgende oomblik is ons passievol oor God op wie se liefde ons absoluut kan vertrou.

1 Kom ons berei ons harte voor. Daar is soveel van die nóú-wêreld wat in ons gedagtes maal. Daar is dinge wat ons moet gaan doen. 'n Konflik waarin ek betrokke is en wat my ontstel. Daar gebeur goed in my lewe, en ek self is vir baie daarvan verantwoordelik, wat my ongelukkig maak. Kom ons probeer om dié gedagtes in 'n 'ander kamer' te gaan neersit. Die kamer wat ek nou betree, is een waarin ek bewus gaan word van die teenwoordigheid van die Goedheid, die Heilige van die heelal. Net ek en die Een wat my liefhet.

2 Ons lees Psalm 13. Die Psalm neem ons na 'n ou wêreld. In dié ou wêreld is die Heilige prominent in die digter se lewe. Ons probeer die eensaamheid en desperaatheid van die digter se lewe aanvoel. Ons verstaan die kommer wat in sy hart is. Die digter maak ons as lesers los van die kommer in sy hart wanneer hy uiter: "*Ek hou vas aan u troue liefde*".

3 Terwyl die digter se woorde nog in ons gemoed luier, luister ons na die bekende lied, *it is well with my soul* soos dit deur 'n gemeente in Plymouth Nebraska gesing word. Die lied is in 2016 opgeneem, maar het sy oorsprong in die 1870's gekry toe 'n egpaar nie net in 'n brand al hulle bates verloor het nie, maar hulle vier dogters daarna in 'n skeepsramp omgekom het.
https://www.youtube.com/watch?v=tyPEohF6qq8

4 Kom ons lees weer Psalm 13. Hierdie keer lees ons dit as ons eie gebed. Ons dink na oor ons eie eensaamheid. Ons eie desperaatheid. Ons eie gevoel van onvergenoegdheid. En in ons gebed moet daar ook 'n uitering na vore kom. 'n Uitering sonder woorde: "Ek hou vas aan u troue liefde."

5 Kom ons word vir agt minute stil terwyl die Psalm in ons binneste resoneer.

6 John Rutter het musiek vir 'n bekende ou seënbede geskryf. *The Lord Bless You and Keep You* word deur 'n virtuele koor van Batavia gesing.
https://www.youtube.com/watch?v=akT32E83zjI

7 Mag jy elke oomblik van die week bewus wees van God se troue liefde vir jou!